



Publication: Landbouweekblad - Inside
Title: TeeIt-agterstande sal SA duur te staan kom
Publish date: 07 Mar 2024
Page: 26

Reach: 11761
AVE: R 48215.57
Author: Nico van Burick

LBW Nuus | Aktueel | Regulering | **NICO VAN BURICK EN VIDA BOOYSEN**

Teelt-agterstande sal SA duur te staan kom

Ná die Europese Unie besluit het om nuwe teeltegnieke soos genetiese redigering toe te laat, pleit die plaaslike landboubedryf opnuut by die regering om die regulatoriese omgewing vriendeliker te maak vir innovasie en die tydige goedkeuring van broodnodige chemikalieë.

MET 'n landboubedryf wat op uitvoer gerig is, is dit van deurslaggewende belang om aan die voerpunt van wetenskaplike vooruitgang met saadteling en landbouchemikalieë te wees ten einde mededingend te bly.

Dr. Hennie Groenewald, uitvoerende direkteur van Bioveiligheid SA, sê sy grootste frustrasie is dat die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling hoe-genaamd nie innovasie bevorder nie – aan die genetiese kant met GMO- (geneties gemodifiseerde organismes) wetgewing, asook met die regulering van ander landbou-insette deur Wet 36 van 1947.

“Dit gaan ons mededingingsvermoë duur te staan kom.”

Suid-Afrika is, naas Nieu-Seeland, die enigste land ter wêreld wat hardnekkig vasklou om produkte deur nuwe teeltegnieke, soos genoomredigering, as geneties gemodifiseerde (GM) produkte te reguleer. Groenewald sê Argentinië het reeds in 2015 op 'n logiese grondslag onderskeid getref tussen die verskillende risiko's wat produkte deur nuwe teeltegnieke inhou.

Onbeweeglik

Suid-Afrika het in 2017 soortgelyke aanbevelings voorgelê, maar dit is deur die departement geïgnoreer. Daar is besluit alle produkte deur nuwe teelteg-

nieke moet aan die duur GMO-regulering onderwerp word. Sels 'n appèl hieroor deur die landbousakekamer Agbiz by Thoko Didiza, minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, het misluk. Nie eens Afrika-lande wat al dekades lank teen GM gekant is, volg hierdie oordrewe reguleringsvoorbeeld nie.

Groenewald hoop Didiza sal druk uitoeven op die departement se reguleerders om hul riglyne wat in Oktober 2021 gepubliseer is, aan te pas, veral ná die Europese Unie verlede maand aangedui het hy gaan ook die res van die wêreld se voorbeeld volg en nuwe teeltegnieke toelaat.

'Volg die EU na'

“Met die huidige regulasies kan slegs die grootste maatskappye dit bekostig om gewasse wat met die jongste teelmetodes ontwikkel is, te kommersialiseer,” het dr. Tobias Doyer, uitvoerende hoof van Graan SA, op 'n streekvergadering van die organisasie op Ladybrand gesê.

“Om daardie ondersoek te doen om goedkeuring vir proewe te kry, kos miljarde rande, en die nuwe tegnologie is uiters belangrik vir ons landbou.

“As dit sin maak vir Europa, moet ons dit in Suid-Afrika ook kan doen. Ons wil die regering oortuig dat dit noodsaaklik is om ons wetgewing in pas te



Kritiek. Ná die snelle vooruitgang wat Suid-Afrika sedert die 2000's gemaak het danksy die gebruik van GM saadtegnologie, kan verdere vordering agterweë bly omdat owerhede geenredigering oor dieselfde kam as GM skeer.

bring met Europa s'n. Ons kan net uit die kosteknyptang kom as ons beter tegnologie gebruik.”

Met die oog op nuwe plantkultivars wat beter bestand is teen klimaatsverandering en plaë, asook hoër opbrengste met minder kunsmis en plaagdoders lewer, sal die EU voorsiening maak vir twee kategorieë.

- Plante deur nuwe teeltegnieke wat nie onderskei kan word van konvensioneel geteelde plante nie, word nie as GMO's gereguleer nie.
- Ander nuwe plante is nog onderhewig aan die strenger vereistes van GMO-regulering.

Bly aan die voerpunt

Wandile Sihlobo, hoofekonoom van Agbiz, sê in die lig hiervan behoort Suid-Afrika, wat die afgelope twee dekades aan die voerpunt van biotegnologie was en aan alle gesondheidsvereistes voldoen het, sy huidige regulasies oor nuwe teeltegnieke te hersien.

Hy sê Suid-Afrika het tegnologiese vooruitgang baie sterker ondersteun as die meeste ander Afrika-lande, met die gevolg dat Suid-Afrika ver vooruit is met opbrengste teenoor lande met selfs beter klimaatstoestand.

“'n Voorbeeld is die aanvaarding van GM gewasse in die vroeë 2000's wat mielie- en sojaboonopbrengste mettertyd opgestoot het, met die gevolg dat Suid-Afrika selfvoorsienend en nou 'n netto uitvoerder is.”

Klimaatsverandering

Sihlobo meen die reguleerders, veral by die departement, moet die erns van hul taak besef en tegnologiese vooruitgang proaktief steun.

“Dit kan geskied deur nuwe landbouchemikalieë en saad wat voorgelê word, konstruktief te evalueer en te registreer vir gebruik. Hierdie proses moet vinniger geskied en nie vertraag word deur politiek tussen die georganiseerde landbou en die regering nie.”

Sihlobo sê die welstand, verbetering, volhoubaarheid en mededingendheid van die Suid-Afrikaanse landbou moet altyd voorkeur geniet. Dit is die oopspunt waaruit reguleerders hul taak moet benader. Die georganiseerde landbou moet ook verseker dat sy wetenskaplikes die leiding neem in gesprekke met reguleerders sodat ander kwessies nie die onderhandelinge vertroebel nie.

Hy meen Wet 36 van 1947 wat die voorsiening van kunsmis, sade en ander insette reguleer, moet hersien word.

Theo Boshoff, uitvoerende hoof van Agbiz, het Didiza gevra om die gesprek oor 'n reguleringsbedeling te heropen ten einde oplossings te vind. **LBW**

FOTO: ANDRIES GOUWS